# Talent 'spreek' boekdele

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur-fotograwe, het onlangs sy eerste klubaand van 2019 gehou en die Januarie-tema was ***Spreekwoorde***.

Die senior-wenner in hierdie afdeling was Elsje Vermeulen met haar interessante foto

***Die koeël is deur die kerk***, en in die junior-afdeling het Nicky Jansen van Vuuren se foto ***Elke hond kry sy dag*** ander fotograwe die loef afgesteek.

In die monochroom-afdeling het gesoute fotograaf Jan Jacobs die foto van die aand opgedis met ***Dancing Queen***. Die foto is ook as die algehele wenfoto van die aand aangewys.

Die junior-wenner in die monochroom-afdeling is Elrick du Toit se ***Uphill Battle***.

Die ander afdeling wenners is:

Senior ope-afdeling - Mietsie Vissier (Kuifkop swaai sy vissie) en junior ope-afdeling - Rosie de Jager (Wild Child).

Visuele-kuns - Dricky Gouws (Elke klein dogtetjie se droom).

Aanlyn-afdeling - Johan Enslin (Grootbrak-monding).

* Alle amateur-fotograwe word genooi om klubaande op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-auditorium, Vanderbijlpark by te woon. Klubaande is elke derde Vrydagaand van die maand, behalwe Desember. Klubaande begin om 18:30.

Die volgende klubaand is op 15 Februarie en die maandonderwerp is ''Hande en voete".

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid Afrika omsien. PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf.

Klubwenners skryf maandeliks vir hierdie kompetisie in en wenfotos en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za gevind word.

Kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za


Besoek die klub se webtuiste: www.vdbp-photo.co.za of die Facebook-blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word.



**Elsje Vermeulen se "Die koeël is deur die kerk".**



**Rosie de Jagers se "Wild Child".**



**Jan Jacobs se "Dancing Queen".**



**Mietsie Vissier se "Kuifkop swaai sy vissie".**



**Johan Enslin se "Grootbrak-monding".**